# ONTMOETINGS MET JESUS:

# DEEL 3 – PETRUS

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wanneer laas het jy 'n lewensveranderlike oomblik met Jesus gehad? Hoe het dit gebeur?**

________________________________________________

________________________________________________

**Bestudeer Johannes 1:29-42 en Lukas 5:1-11 en bespreek wat Petrus moontlik beleef het met sy eerste ontmoeting met Jesus.**

________________________________________________

________________________________________________

**Na Petrus se ontmoeting met Jesus, het sy lewe verander. Prakties hoe dink jy het sy lewe anders gelyk van hierdie oomblik af?**

________________________________________________

________________________________________________

**Wanneer ons deur die evangelies werk sien ons dat Jesus baie oomblikke met sy dissipels gehad het, onder andere oomblikke van genesings, wonderwerke en preke. Bestudeer Matteus 8:14-15, Matteus 16:13-18 en Matteus 17:1-8, en bespreek hoe Jesus persoonlik na Petrus binne Sy bediening uitgereik het na hom toe.**

________________________________________________

________________________________________________

**Hoe het Petrus reageer na al hierdie oomblikke met Jesus? Bestudeer Matteus 26:55-56 en Lukas 22:54-62**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Hoe sou jy in hierdie situasie opgetree het? Hoekom?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Wat doen Jesus, teen spyte van Petrus se optrede? Bestudeer Johannes 21:1-17 en Romeine 5:6-8**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Op watter manier wil jy die Here ontmoet vandag? In watter area van jou lewe wil jy meer die Here Jesus deel maak? Jakobus 4:8 – Wanneer ons na God toe nader SAL Hy na ons toe terug nader. Hoe kan jy vandag meer na God toe nader sodat daar 'n oomblik saam met Jesus kan wees wat moontlik lewensveranderlik kan wees?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**